NASPERS

# Naspers Beperk

## Verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag vir die ses maande tot 30 September

## 2016

# KOMMENTAAR

Naspers het gedurende die ses maande tot 30 September 2016 sterk gepresteer. Bedryfsprestasie, wat hoofsaaklik deur volgehoue prestasie van die e-handelsondernemings en Tencent ondersteun word, is bemoedigend. As deel van gereelde portefeulje-oorsigte is vier merkwaardige transaksies teen die datum van hierdie verslag gesluit. In Pole sal die ooreengekome verkoop van die Allegro-onderneming vir VS$3.25mjd 'n stewige opbrengs op belegging lewer. Die samesmelting van die ibibo-platform met MakeMyTrip skep 'n toonaangewende onderneming in die Indiese reissegment. Die verkryging van Citrus Pay dryf konsolidasie in die aanlynbetalingsegment in Indië, terwyl die konsolidasie met Wallapop in die Verenigde State (VS) vir letgo – 'n slegs-mobiele platform vir geklassifiseerde advertensies – groter skaal gee. Die videovermaak-segment ondervind swak Afrika-geldeenhede. Die span het egter bevredigende intekenaargroei bewerkstellig en op 11m intekenare afgesluit.

Wisselkoerse het weer 'n beduidende impak gehad. In teenstelling met verdienste-effek van dalende geldeenhede op die videovermaak-segment, word e-handel tot 'n mindere mate hierdeur geraak, danksy die groep se wye geografiese verspreiding en die feit dat koste hoofsaaklik in plaaslike geldeenhede aangegaan word. Waar toepaslik in hierdie verslag, is bedrae en persentasies aangepas vir die uitwerking van wisselkoersbewegings asook verkrygings en verkope. Sulke aangepaste items (pro forma- finansiële inligting) word tussen hakies aangedui ná die ekwivalente maatstaf wat kragtens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) gerapporteer is. 'n Rekonsiliasie van die pro forma- finansiële inligting met die ekwivalente IFRS-maatstaf word in aantekening 15 van hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag verskaf.

Tencent en die e-handelsondernemings het ons omsetgroei versnel, indien die uitwerking van wisselkoerse buite rekening gelaat word. Gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, het omset met 16% tot VS$6.8mjd gestyg. Uitgesluit die impak van wisselkoers, asook verkrygings en verkope, was die groei 27%. In e-handel het die geklassifiseerdeadvertensie-ondernemings, ibibo, Allegro en eMAG, almal danksy groter skaal omsetgroei en verdienste verbeter. PayU het regoor sy portefeulje in Oos-Europa, Indië en Latyns-Amerika goeie resultate behaal. Kernwesensverdienste, wat na die direksie se oordeel die beste maatstaf van volhoubare bedryfsprestasie is, het VS$914m bedra – 31% hoër as die vorige tydperk.

Tensy anders vermeld, is die finansiële kommentaar en segmentele oorsig wat volg, opgestel op die grondslag van ekonomiese belang (insluitend gekonsolideerde filiale en 'n proporsionele konsolidasie van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings).

## FINANSIËLE OORSIG

Op 'n gekonsolideerde grondslag het omset met 'n nominale 1% gedaal (11% hoër), hoofsaaklik weens die uitwerking van valutaomrekening. Verkooptransaksies wat in die eerste ses maande van die jaar afgehandel is, veral die Tsjeggiese e-handelseenhede, Netretail en Heureka, het ook omsetgroei op 'n jaar-tot-jaar-grondslag verminder.

Gekonsolideerde ontwikkelingsbesteding het jaar tot jaar met 38% (42%) tot VS$387m gestyg namate nuwe groei-inisiatiewe ontgin is. Dit sluit letgo in, wat hoofsaaklik in die VS bedrywig is, uitbreiding van die hotelbesprekingsbesigheid in die Indiese reisonderneming en ons video-op-aanvraag-intekendiens, ShowMax, wat in Augustus 2015 bekendgestel is. Ontwikkelingsbesteding aan hierdie nuwe inisiatiewe het altesaam VS$188m bedra. Oor die res van die portefeulje het ontwikkelingsbesteding met VS$40m afgeneem namate die e-handelsondernemings – in die besonder die geklassifiseerde-advertensie-onderneming – skaal en winsgewendheid verhoog het.

Handelswins het met 21% (42%) tot VS$1.5mjd gestyg, aangevuur deur die groep se aandeel in Tencent se handelswins. Handelswins is 'n verdere hupstoot gegee deur 'n inkrimping in verliese van e-kleinhandelsbates en groter winsgewendheid in Allegro. 'n Laer intekenaarbasis in Afrika suid van die Sahara aan die begin van die tydperk, tesame met die uitwerking van wisselkoerse, het videovermaak se handelswins met sowat 43% (14%) na VS$226m laat daal.

IFRS-bedryfswins het van 'n positiewe VS$67m na 'n negatiewe VS$30m gedaal, hoofsaaklik weens valutaswakheid in die videovermaak-segment en hoër ontwikkelingsbesteding om groei-inisiatiewe na te streef.

Die groep se belang in ekwiteitsverantwoorde resultate het jaar tot jaar met 44% gestyg tot VS$912m en sluit eenmalige wins van VS$206m en waardedalingsverliese van VS$145m in. Eenmalige wins hou hoofsaaklik verband met verwaterings van Tencent se belang in sekere van sy geassosieerde maatskappye en wins voortspruitend uit die vervreemding van ander beleggings. Waardedalingsverliese hou verband met afskrywings deur Tencent van sekere van sy beleggings. Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings se bydrae tot kernwesensverdienste was 47% hoër op VS$1.1mjd, na aansuiwering vir hierdie eenmalige items.

Netto rentekoste op lenings was 18% laer op VS$74m, na die terugbetaling van die groep se wentelkredietfasiliteit. Op 30 September 2016 het netto hefboomfinansiering 13% beloop.

Laer winsgewendheid in die videovermaak-onderneming in Afrika suid van die Sahara en hoër gekonsolideerde ontwikkelingsbesteding was die hoof oorsake van 'n geringe gekonsolideerde vrye kontantuitvloei van VS$1m.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie vooruitskattings in hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

## SEGMENTELE OORSIG

### Internet

e-Handelsondernemings en Tencent het bygedra tot sterk groei in die internetsegment met omset van VS$4.9mjd – 30% (40%) hoër jaar tot jaar. Na aanpassing vir die uitwerking van valutaomrekening, asook verkrygings en verkope, is dit 12% beter as verlede jaar se groei. Handelswins het

met 54% (71%) gestyg danksy Tencent se prestasie asook 'n inkrimping van verliese in verskeie van die e-handelsondernemings. Gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, dra die internetsegment nou 72% van groepomset by, teenoor 64% 'n jaar gelede.

**Tencent**

Tencent brei steeds sy ekosisteem uit met uitstekende omset- en gebruikergroei op die sosialenetwerk-, aanlynspeletjies-, digitale-inhoud-, advertensie- en betalingsplatforms. Omset vir die tydperk was jaar tot jaar 48% hoër op RMB67.7mjd.

Tencent se sosialenetwerk-besigheid het omset verhoog deur groei in mobiele speletjies en betalings, en 'n stewige toename van 24% in intekenare vir sy digitale-inhoud-intekendienste. Aanlynmediaplatform-verkeer en advertensie-inkomste neem steeds toe terwyl die meeste verkeer, wat sowat 80% van omset verteenwoordig, nou op mobiele platforms gegenereer word.

Tencent het verskeie strategiese inisiatiewe geïmplementeer om sy ekosisteem te bevorder en vermaakinhoud vir gebruikers te verbeter. Tencent het met sy belegging in die Finland-gebaseerde mobielespeletjie-ateljee Supercell sy teenwoordigheid op die ontwikkelingsterrein in die internasionale speletjiesbedryf uitgebrei. QQ Music is met China Music Corporation saamgesmelt om 'n meer doeltreffende aanlyn-musiekplatform te skep. Tencent het ook sy aanlynvideodienste deur beleggings in inhoud versterk.

Oor die verslagdoeningstydperk het Tencent goeie vordering gemaak om sy mobiele ekosisteem uit te brei deur maandelikse aktiewe Weixin/WeChat-gebruikers met 34% te vermeerder. Weixin/WeChat se ondernemingskommunikasie-produkte is ook verbeter, sy wolkdienste is uitgebrei en sy betalingsoplossings vir handelaartransaksies is vereenvoudig.

**Mail.ru**

Ondanks voortgesette uitdagings vir die Russiese ekonomie, het Mail.ru se omset jaar tot jaar met 11% tot RBL18.8mjd toegeneem. Advertensie-inkomste, veral uit mobiele advertensies, het gegroei as gevolg van groter mobiele gehore en advertensievoorraad, asook die implementering van nuwe advertensietegnologieë. Die sosiale netwerk VK het interaksie en gehore uitgebrei, maar aanlynspeletjies en internet-waardetoevoegingsdienste se omset was swakker.

**e-Handel**

Onbestendigheid in die geldeenhede van ontluikende markte het prestasie gedemp met die omrekening na VS-dollar. e-Handelsondernemings groei vinnig en omset het met 14% (24%) tot VS$1.4mjd toegeneem. Handelsverliese het tot VS$292m gedaal en met 1% (14%) teenoor die vorige jaar verbeter. Hoër ontwikkelingsbesteding aan nuwe geleenthede is teengewerk deur groei in gevestigde ondernemings. Binne hierdie portefeulje het die groep nou 23 winsgewende ondernemings – teenoor 18 'n jaar gelede.

Die geklassifiseerdeadvertensie-onderneming se omset het jaar tot jaar met 115% (76%) gegroei, danksy sterk prestasie oor die hele portefeulje en veral deur Avito. Indien die beleggings in letgo buite rekening gelaat word, het handelsverliese (en dus ontwikkelingsbesteding) oor die hele geklassifiseerdeadvertensie-portefeulje vernou terwyl ons gegroei het en markaandeel gewen het. Sterk resultate het veral in die monetiseringsmarkte geblyk.

Avito het verwagtings oortref en sy teenwoordigheid in Russiese e-handel verbeter.

In Mei 2016 het letgo in die VS met die plaaslike werksaamhede van Wallapop saamgesmelt. Aandeelhouers het gesamentlik VS$100m in die saamgesmelte besigheid belê om groei te versnel. Resultate tot dusver is bemoedigend en verdere beduidende investering sal volg.

Groei in vertikalemotor-, en in sommige markte, vertikale-eiendomsportale, tesame met die bekendstelling van mobiele toepassings, het geklassifiseerde advertensies versterk.

e-Kleinhandelsomset het met 3% (16%) gegroei, aangedryf deur die bydraes van bates in Middel- en Oos-Europa, waar aanlyn penetrasie toeneem. Groei was laer in geassosieerde e-kleinhandelsmaatskappye, namate derdeparty-verkope (waar ons net 'n plasingstarief hef) vinniger as eersteparty-verkope gegroei het. Subsidies is ook verminder en daar was 'n fokus op die verbetering van bruto marges.

In Middel- en Oos-Europa het die gekonsolideerde e-kleinhandelsplatform eMAG goed gevaar en omset op 'n jaar-tot-jaar-grondslag met 33% opgestoot. Roemenië nader volgehoue winsgewendheid.

Amazon het, ná aansienlike investering, sy agterstand ten opsigte van Flipkart ingehaal deur beduidende markaandeel by Snapdeal in die Indiese e-kleinhandelsegment af te neem. Flipkart behou nietemin sy sterk voorsprong ten opsigte van die mobiele toepassing. Onlangse strategiese inisiatiewe het gesorg vir goeie syfers gedurende die spitsverkooptydperk vir Diwali. In die Midde-Ooste het Souq steeds markaandeel in Saoedi-Arabië en Egipte gewen, en die markleier in die Verenigde Arabiese Emirate gebly.

Allegro, die markdiens-platform in Pole, het omset met 30% tot VS$193m gegroei. In Oktober 2016 het die groep aangekondig dat Allegro en Ceneo vir VS$3.25mjd verkoop gaan word. Die transaksie is aan regulatoriese goedkeuring onderhewig en sal na verwagting in 2017 beklink word.

ibibo, die Indiese reisbesigheid, het 'n uitstekende ses maande agter die rug, met omsetgroei van 68% (75%) tot VS$67m. Dit is aangehelp deur groei in hotelkamernagte en 'n winsgewende lugreisbesigheid. Na die verslagdoeningstydperk het die groep 'n transaksie aangegaan om ibibo met MakeMyTrip Limited saam te smelt. Die samesmelting sal 'n gekombineerde besigheid skep wat 'n eenstopwinkel vir Indiese reisigers sal wees. Deur 'n beheermaatskappy in gesamentlike besit (Naspers 91% en Tencent 9%) sal die groep 'n belang van 40% in die saamgesmelte besigheid hê as sy enkele grootste aandeelhouer.

Die groep se betalingsonderneming, PayU, het goed gevaar in al sy bedryfstreke. Omset het jaar tot jaar met 22% (29%) gestyg tot VS$83m op dieselfde kostebasis. Dit is behaal danksy verbeterde bedryfshefboom, wat weer deur groter transaksievolumes en verbeterings in kaartjie-winste verkry is. In Indië het PayU na die verslagdoeningstydperk 'n beherende belang in Citrus Pay gekry. Daarmee sal PayU 'n voorste betaaldiens-verskaffer in Indië word.

# KOMMENTAAR (vervolg)

Ons identifiseer nou nuwe geleenthede vir langtermyngroei vir die groep in een entiteit, Naspers Ventures. Ventures het in drie vroeë-fase opvoedkundige tegnologiemaatskappye belê: Udemy, 'n aanlynmarkdiens vir leer; Codecademy, 'n toonaangewende interaktiewe aanlynprogrammeringsplatform; en Brainly, 'n sosiale leernetwerk. Elke maatskappy fokus op 'n ander element van die opvoedkundige mark en het 'n innoverende benadering om die bruikbaarheid en waarde van onderrig te verhoog.

Movile, die toonaangewende Latyns-Amerikaanse platform vir mobiele dienste, brei steeds sy aflyn-na-aanlyn-ondernemings uit. Die Brasiliaanse aanlynkosaflewering-onderneming iFood het met welslae in Mexiko, Brasilië en Colombië uitgebrei. Nadat omset jaar tot jaar met sowat 211% gegroei het, het die besigheid gedurende die verslagdoeningstydperk winsgewend geword.

## Videovermaak

Stappe gedoen in reaksie op 'n swakker makro-ekonomiese agtergrond, het positieve resultate tot gevolg gehad in die DTH-besigheid (direk-na-huis-besigheid) wat positiewe groei aangeteken het en 591 968 intekenare bygevoeg het. Dit is 'n verbetering op die afname van 164 300 intekenare oor dieselfde tydperk in die vorige jaar. Die DTT-besigheid het ook 149 875 intekenare bygekry. Die totale klantebasis het op 30 September 2016 op 11m gestaan.

Die segment het omset van VS$1.6mjd gegenereer – 8% (6% hoër) laer as die vorige jaar. Handelswins het skerper gedaal, met 43% jaar tot jaar, tot VS$226m. Aangesien die groep in plaaslike geldeenhede faktureer, het die voortgesette swakheid in die geldeenhede en ekonomieë van baie Afrika-lande tot laer omset in VS-dollarterme gelei. Handelswins is getref deur die feit dat 'n beduidende deel van inhoudkoste in VS-dollar aangegaan word, verminderde omset asook ons belegging in ShowMax. Beperkte beskikbaarheid van valuta in Nigerië, Angola en Mosambiek het daartoe gelei dat kontantsaldo's van VS$202m in daardie lande vasgevang is. Hierdie saldo's bly blootgestel aan verdere valutaverswakkings.

Ontwikkelingsbesteding van VS$40m was effens laer jaar tot jaar. Dit was toeskryfbaar aan die afname in besteding nadat die ontplooiing van digitale terrestriële televisie (DTT) afgehandel is. Dit is teengewerk deur nuwe beleggings om ShowMax groter skaal te gee.

ShowMax groei bestendig in 'n uiters mededingende omgewing. Dit is beskikbaar op al die groot platforms en is ook nou via gekonnekteerde Explora-toestelle toeganklik. ShowMax is ook in 'n aantal markte in Afrika suid van die Sahara geloods.

Ons fokus is steeds op die lewering van die beste gehalte plaaslike en internasionale inhoud, maar ook op kostebestuur, die verbetering van klantediens en die behoud van klante in 'n omgewing waar mededinging aan die toeneem is deur globale spelers soos Amazon, Netflix, Apple en Google. DStv Catch Up is aan Compact-klante beskikbaar gestel, asook 'n dekodeerder-betaalplan wat die gewildheid van ons persoonlike video-opnemers (PVO's) 'n hupstoot gegee het. Koppeling van die PVO aan die internet lewer 'n beter gebruikerervaring. Die 'TV everywhere'-produk, DStv Now, kry goeie vastrapplek op al die platforms.

Bestuur bly in gesprek met reguleerders en neem deel aan 'n aantal regulatoriese evaluerings in verskeie markte.

## Media

Omset in die mediasegment het met 13% (1%) gedaal, en handelswins was 25% (31%) laer. Hoewel Media24 steeds die uitwerking van strukturele dalings in sy tradisionele drukmediabesigheid ondervind, het sy e-handelsinisiatiewe positiewe omset getoon en baat gevind by vars produkaanbiedings.

## Vooruitsigte

Ons hoop om in die tweede helfte van die finansiële jaar omsetgroei te behaal en die meer gevestigde e-handelsondernemings groter skaal te gee. Die groep sal voortgaan om in langtermyngeleenthede soos letgo te belê en nóg belowende modelle in die internetsegment te ontgin. Ons verwag om letgo se ontwikkelingsbesteding te versnel om sy posisie verder in die VS-geklassifiseerdeadvertensie-mark te versterk. In Afrika se videovermaak-segment, wat tans 'n moeilike omgewing is, poog ons om meer DTH-klante te werf deur groter waarde aan te bied en koste te verlaag om die impak van dalende geldeenhede teen te werk. Verdienste en kontantvloei in hierdie segment sal in die afsienbare toekoms steeds onder druk wees.

## Voorbereiding van die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag is opgestel onder toesig van ons finansiële direkteur, Basil Sgourdos GR(SA). Hierdie tussentydse resultate is op 25 November 2016 bekendgemaak.

Namens die direksie

**Koos Bekker**
*Voorsitter*

**Bob van Dijk**
*Uitvoerende hoof*

Kaapstad
25 November 2016

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | Aan-teke-ninge | Ses maande tot 30 September **2016** **Nagesien** **VS$'m** | 2015 Nagesien VS$'m | Jaar tot 31 Maart 2016 Geoudit VS$'m |
|---|---|---|---|---|
| **Omset** | | **2 958** | 2 983 | 5 930 |
| Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop | | **(1 627)** | (1 644) | (3 392) |
| Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes | | **(1 334)** | (1 133) | (2 423) |
| Ander netto winste/(verliese) | | **(27)** | (139) | (292) |
| **Bedryfs (verlies)/wins** | | **(30)** | 67 | (177) |
| Rente ontvang | 5 | **29** | 21 | 40 |
| Rente betaal | 5 | **(136)** | (137) | (292) |
| Ander netto finansieringsinkomste/(-koste) | 5 | **(58)** | (40) | (100) |
| Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate | 7 | **912** | 635 | 1 289 |
| Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings | | **–** | (1) | (55) |
| Verwaterings(verlies)/-wins van ekwiteitsverantwoorde beleggings | | **(71)** | 129 | 104 |
| Wins met verkrygings en verkope | | **39** | 108 | 452 |
| **Wins voor belasting** | 6 | **685** | 782 | 1 261 |
| Belasting | | **(144)** | (146) | (260) |
| **Wins vir die tydperk** | | **541** | 636 | 1 001 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Aandeelhouers van die groep | | **554** | 610 | 994 |
| Nie-beherende belang | | **(13)** | 26 | 7 |
| | | **541** | 636 | 1 001 |
| Kernwesensverdienste vir die jaar (VS$'m) | 4 | **914** | 696 | 1 246 |
| Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent) | | **212** | 169 | 298 |
| Ten volle verwaterde kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent) | | **209** | 166 | 292 |
| Wesensverdienste vir die jaar (VS$'m) | 4 | **555** | 468 | 701 |
| Wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent) | | **129** | 114 | 168 |
| Ten volle verwaterde wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent) | | **126** | 111 | 162 |
| Verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent) | | **129** | 148 | 238 |
| Ten volle verwaterde verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent) | | **125** | 145 | 232 |
| Netto getal aandele uitgereik ('000) | | | | |
| – aan die einde van die tydperk | | **431 290** | 412 555 | 431 085 |
| – geweegde gemiddelde vir die tydperk | | **431 085** | 411 998 | 417 575 |
| – ten volle verwaterde geweegde gemiddelde | | **432 715** | 413 746 | 419 208 |

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Ses maande tot 30 September | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016** | 2015 | 2016 |
| | **Nagesien** | Nagesien | Geoudit |
| | **VS$'m** | VS$'m | VS$'m |
| **Wins vir die tydperk** | **541** | 636 | 1 001 |
| **Totale ander omvattende inkomste, netto van belasting, vir die tydperk**[1] | **291** | (226) | 374 |
| Omrekening van buitelandse bedrywighede[2] | **(115)** | (497) | (309) |
| Netto billikewaardewinste | **4** | 1 | 11 |
| Kontantvloeiskanse | **(43)** | 44 | 42 |
| Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes | **438** | 230 | 633 |
| Belasting op ander omvattende inkomste | **7** | (4) | (3) |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | **832** | 410 | 1 375 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | |
| Aandeelhouers van die groep | **896** | 424 | 1 406 |
| Nie-beherende belang | **(64)** | (14) | (31) |
| | **832** | 410 | 1 375 |

**Aantekeninge**

(1) *Hierdie komponente van ander omvattende inkomste kan in 'n toekomstige tydperk na wins of verlies herklassifiseer word, behalwe wins van VS$141m (2015: VS$58m en 31 Maart 2016: VS$387m) wat by "Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes" ingesluit is, asook verliese van VS$nul (2015: VS$1m en 31 Maart 2016: VS$nul) wat by "Netto billikewaardewinste" met betrekking tot hermetings op die groep se nadiens voordeelplanne ingesluit is.*

(2) *Die beweging in die groep se buitelandse valutaomrekeningsreserwe hou hoofsaaklik verband met die uitwerking van buitelandse valutaskommelings in verband met die omrekening van die groep se beleggings in buitelandse bedrywighede.*

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | Aan-teke-ninge | 30 September **Nagesien 2016 VS$'m** | Nagesien 2015 VS$'m | 31 Maart Geoudit 2016 VS$'m |
|---|---|---|---|---|
| **Bates** | | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | **15 080** | 10 458 | 13 486 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | | **1 861** | 1 268 | 1 443 |
| Klandisiewaarde | 8 | **3 041** | 1 579 | 2 818 |
| Ander ontasbare bates | | **1 104** | 398 | 1 190 |
| Beleggings in geassosieerdes | 9 | **8 670** | 6 755 | 7 625 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | 9 | **200** | 293 | 218 |
| Ander beleggings en lenings | 9 | **62** | 67 | 57 |
| Ander debiteure | | **23** | – | 20 |
| Afgeleide finansiële instrumente | 13 | **–** | 9 | – |
| Uitgestelde belasting | | **119** | 89 | 115 |
| **Bedryfsbates** | | **3 144** | 2 787 | 3 237 |
| Voorraad | | **222** | 223 | 194 |
| Program- en rolprentregte | | **400** | 321 | 160 |
| Handelsdebiteure | | **465** | 405 | 393 |
| Ander debiteure en lenings | | **472** | 440 | 491 |
| Afgeleide finansiële instrumente | 13 | **14** | 78 | 59 |
| Kontant en kontantekwivalente | | **1 545** | 1 003 | 1 714 |
| | | **3 118** | 2 470 | 3 011 |
| Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop | 11 | **26** | 317 | 226 |
| **Totale bates** | | **18 224** | 13 245 | 16 723 |
| **Ekwiteit en verpligtinge** | | | | |
| **Aandelekapitaal en reserwes** | | **11 103** | 6 952 | 10 254 |
| Aandelekapitaal en -premie | | **4 939** | 2 733 | 4 965 |
| Ander reserwes | | **(320)** | (1 529) | (821) |
| Behoue verdienste | | **6 484** | 5 748 | 6 110 |
| Nie-beherende aandeelhouersbelang | | **348** | 225 | 400 |
| **Totale ekwiteit** | | **11 451** | 7 177 | 10 654 |
| **Nie-bedryfslaste** | | **4 486** | 3 920 | 4 023 |
| Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge | | **1 167** | 591 | 771 |
| Laste – rentedraend | | **3 005** | 3 190 | 2 922 |
| – nie-rentedraend | | **13** | 18 | 8 |
| Ander nie-bedryfslaste | | **–** | – | 3 |
| Nadiens mediese verpligting | | **14** | 14 | 13 |
| Afgeleide finansiële instrumente | 13 | **23** | 11 | 20 |
| Uitgestelde belasting | | **264** | 96 | 286 |
| **Bedryfslaste** | | **2 287** | 2 148 | 2 046 |
| Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge | | **222** | 208 | 227 |
| Handelskrediteure | | **599** | 528 | 437 |
| Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste | | **1 341** | 1 243 | 1 253 |
| Afgeleide finansiële instrumente | 13 | **86** | 50 | 31 |
| Bankoortrekkings en opvraagbare lenings | | **34** | 17 | 1 |
| | | **2 282** | 2 046 | 1 949 |
| Laste geklassifiseer as gehou vir verkoop | 11 | **5** | 102 | 97 |
| **Totale ekwiteit en verpligtinge** | | **18 224** | 13 245 | 16 723 |
| Netto batewaarde per N- gewone aandeel (sent) | | **2 574** | 1 685 | 2 379 |

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| | Ses maande tot 30 September | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016** | 2015 | 2016 |
| | **Nagesien** | Nagesien | Geoudit |
| | **VS$'m** | VS$'m | VS$'m |
| **Saldo aan die begin van die tydperk** | **10 654** | 6 903 | 6 903 |
| **Veranderings in aandelekapitaal en -premie** | | | |
| Beweging in tesourie-aandele | **(77)** | (57) | (68) |
| Aandelekapitaal en -premie uitgereik | **51** | 57 | 2 300 |
| **Veranderings in reserwes** | | | |
| Totale omvattende inkomste vir die tydperk | **896** | 424 | 1 406 |
| Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe | **66** | 29 | 120 |
| Beweging in bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe | **61** | (10) | 9 |
| Direkte beweging in behoue verdienste en ander reserwes | **10** | – | – |
| Dividende aan Naspers-aandeelhouers betaal | **(158)** | (139) | (161) |
| **Veranderings in nie-beherende belang** | | | |
| Totale omvattende inkomste vir die tydperk | **(64)** | (14) | (31) |
| Dividende aan nie-beherende aandeelhouers betaal | **(96)** | (110) | (125) |
| Beweging in nie-beherende belang in reserwes | **108** | 94 | 301 |
| **Saldo aan die einde van die tydperk** | **11 451** | 7 177 | 10 654 |
| **Bestaande uit:** | | | |
| Aandelekapitaal en -premie | **4 939** | 2 733 | 4 965 |
| Behoue verdienste | **6 484** | 5 748 | 6 110 |
| Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe | **1 438** | 811 | 1 231 |
| Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe | **(123)** | (203) | (184) |
| Verskansingsreserwe | **6** | 35 | 35 |
| Waardasiereserwe | **819** | 593 | 573 |
| Buitelandse valutaomrekeningsreserwe | **(2 460)** | (2 765) | (2 476) |
| Nie-beherende belang | **348** | 225 | 400 |
| **Totaal** | **11 451** | 7 177 | 10 654 |

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Ses maande tot 30 September | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016** | 2015 | 2016 |
| | **Nagesien** | Nagesien | Geoudit |
| | **VS$'m** | VS$'m | VS$'m |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite | **92** | 269 | 454 |
| Finansieringsinkomste ontvang | **27** | 23 | 46 |
| Dividende ontvang van beleggings en ekwiteitsverantwoorde maatskappye | **193** | 147 | 146 |
| Finansieringskoste betaal | **(126)** | (106) | (246) |
| Belasting betaal | **(157)** | (152) | (322) |
| **Netto kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite** | **29** | 181 | 78 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | | |
| Verkrygings en vervreemdings van tasbare en ontasbare bates | **(78)** | (102) | (228) |
| Verkrygings van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | **(127)** | (187) | (1 426) |
| Vervreemdings van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | **159** | 238 | 289 |
| Kontantbewegings in ander beleggings en lenings | **4** | (20) | (19) |
| **Netto kontant aangewend in beleggingsaktiwiteite** | **(42)** | (71) | (1 384) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | | |
| Opbrengs uit aandeleuitgifte | **–** | – | 2 470 |
| Opbrengs uit lang- en korttermynlenings aangegaan | **122** | 1 517 | 2 000 |
| Terugbetalings van lang- en korttermynlenings | **(24)** | (1 499) | (2 270) |
| Uitvloei van aandeelgebaseerde transaksies | **(8)** | (6) | (13) |
| Dividende betaal deur die houermaatskappy en sy filiale | **(261)** | (249) | (254) |
| Ander bewegings uit finansieringsaktiwiteite | **4** | 5 | (41) |
| **Netto kontant (aangewend in)/gegenereer uit finansieringsaktiwiteite** | **(167)** | (232) | 1 892 |
| **Netto beweging in kontant en kontantekwivalente** | **(180)** | (122) | 586 |
| Valutaomrekeningseffek | **(19)** | (90) | (73) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk | **1 713** | 1 200 | 1 200 |
| Kontant en kontantekwivalente geklassifiseer as gehou vir verkoop | **(3)** | (2) | – |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk** | **1 511** | 986 | 1 713 |

# SEGMENTELE OORSIG

**Omset**

| | **Ses maande tot 30 September 2016 Nagesien VS$'m** | 2015 Nagesien VS$'m | %-veran-dering | Jaar tot 31 Maart 2016 Geoudit VS$'m |
|---|---|---|---|---|
| Internet | **4 889** | 3 763 | 30 | 8 237 |
| – Tencent | **3 426** | 2 461 | 39 | 5 417 |
| – Mail.ru | **84** | 92 | (9) | 173 |
| – e-Handel | **1 379** | 1 210 | 14 | 2 647 |
| Videovermaak | **1 645** | 1 790 | (8) | 3 413 |
| Media | **284** | 325 | (13) | 608 |
| Korporatiewe dienste | **1** | – | 100 | 1 |
| Intersegmenteel | **(31)** | (17) | (82) | (35) |
| Ekonomiese belang | **6 788** | 5 861 | 16 | 12 224 |
| *Minus:* Ekwiteitsverantwoorde beleggings | **(3 830)** | (2 878) | (33) | (6 294) |
| **Gekonsolideer** | **2 958** | 2 983 | (1) | 5 930 |

**EBITDA**[1]

| | **Ses maande tot 30 September 2016 Nagesien VS$'m** | 2015 Nagesien VS$'m | %-veran-dering | Jaar tot 31 Maart 2016 Geoudit VS$'m |
|---|---|---|---|---|
| Internet | **1 365** | 916 | 49 | 1 845 |
| – Tencent | **1 593** | 1 150 | 39 | 2 415 |
| – Mail.ru | **39** | 42 | (7) | 78 |
| – e-Handel | **(267)** | (276) | 3 | (648) |
| Videovermaak | **331** | 492 | (33) | 799 |
| Media | **21** | 28 | (25) | 52 |
| Korporatiewe dienste | **(6)** | (6) | – | (12) |
| Ekonomiese belang | **1 711** | 1 430 | 20 | 2 684 |
| *Minus:* Ekwiteitsverantwoorde beleggings | **(1 535)** | (1 080) | (42) | (2 261) |
| **Gekonsolideer** | **176** | 350 | (50) | 423 |

**Handelswins**

| | **Ses maande tot 30 September 2016 Nagesien VS$'m** | 2015 Nagesien VS$'m | %-veran-dering | Jaar tot 31 Maart 2016 Geoudit VS$'m |
|---|---|---|---|---|
| Internet | **1 241** | 805 | 54 | 1 619 |
| – Tencent | **1 501** | 1 065 | 41 | 2 246 |
| – Mail.ru | **32** | 36 | (11) | 66 |
| – e-Handel | **(292)** | (296) | 1 | (693) |
| Videovermaak | **226** | 399 | (43) | 610 |
| Media | **12** | 16 | (25) | 29 |
| Korporatiewe dienste | **(6)** | (6) | – | (12) |
| Ekonomiese belang | **1 473** | 1 214 | 21 | 2 246 |
| *Minus:* Ekwiteitsverantwoorde beleggings | **(1 428)** | (982) | (45) | (2 067) |
| **Gekonsolideer** | **45** | 232 | (81) | 179 |

**Aantekening**

(1) *EBITDA verwys na verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie.*

# REKONSILIASIE VAN HANDELSWINS NA BEDRYFS(VERLIES)/-WINS

| | **Ses maande tot 30 September** | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016** | 2015 | 2016 |
| | **Nagesien** | Nagesien | Geoudit |
| | **VS$'m** | VS$'m | VS$'m |
| **Handelswins** | **45** | 232 | 179 |
| Finansieringskoste op transpondeerder-bruikhuurkontrakte en handelaarsfinansiering | **20** | 16 | 33 |
| Amortisasie van ander ontasbare bates | **(46)** | (29) | (68) |
| Ander netto winste/(verliese) | **(27)** | (139) | (292) |
| Retensie-opsie-uitgawe | **(1)** | (2) | (2) |
| Aandeelgebaseerde aansporings vereffen in tesourie-aandele | **(21)** | (11) | (27) |
| **Bedryfs(verlies)/-wins** | **(30)** | 67 | (177) |

Aantekening: Vir 'n rekonsiliasie van bedryfs(verlies)/-wins na wins voor belasting, verwys na die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat.

# AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE VERSLAG

1. **Algemene inligting**
   Naspers Beperk (Naspers) is ’n internasionale internet- en vermaakgroep en een van die grootste tegnologiebeleggers in die wêreld. Die maatskappy is in 1915 gestig en is nou in meer as 130 lande en markte met langtermyn-groeipotensiaal bedrywig. Naspers bou vooraanstaande maatskappye wat mense bemagtig en gemeenskappe verryk. Naspers bedryf van die wêreld se voorste platforms ten opsigte van die internet, videovermaak en media.

2. **Aanbiedingsgrondslag en rekeningkundige beleid**
   Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag vir die ses maande tot 30 September 2016 is voorberei ooreenkomstig Internasionale Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34: *Tussentydse Finansiële Verslagdoening,* die SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke, Finansiële Verklarings soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde, asook die Maatskappywet van Suid-Afrika en die noteringsvereistes van die JSE Beperk.

   Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag bevat nie al die openbaarmakings wat in ’n volledige stel finansiële jaarstate, voorberei kragtens IFRS soos uitgereik deur die Internasionale Rekeningkundige Standaarde-raad (IASB), vereis word nie. Die rekeningkundige beleid wat gevolg is met die voorbereiding van die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag strook met die beleid wat in die vorige gekonsolideerde finansiële jaarstate gevolg is.

   Die groep het alle nuwe en gewysigde rekeningkundige verklarings aanvaar wat deur die IASB uitgereik is en van toepassing is op finansiële jare wat op 1 April 2016 begin het. Daar word nie verwag dat enige van hierdie nuwe of gewysigde rekeningkundige verklarings ’n wesenlike uitwerking op die groep sal hê nie.

   Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste rakende transaksies wat deur die uitgifte van tesourie-aandele vereffen word, uitgawes ten opsigte van retensie-opsies en ander winste of verliese uit, maar sluit die finansieringskoste van transpondeerder-bruikhuurkontrakte in.

   Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit vir aandeelhouers ’n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie ’n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye gerapporteer word nie.

3. **Nasiening deur die onafhanklike ouditeur**
   Hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag is deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC), nagesien. PwC se ongekwalifiseerde verslag verskyn aan die einde van die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag.

## 4. Berekening van wesens- en kernwesensverdienste

| | Ses maande tot 30 September 2016 Nagesien VS$'m | 2015 Nagesien VS$'m | Jaar tot 31 Maart 2016 Geoudit VS$'m |
|---|---|---|---|
| **Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers** | **554** | 610 | 994 |
| **Aangesuiwer vir:** | | | |
| – versekeringsopbrengs | **–** | (1) | (1) |
| – waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates | **2** | – | 43 |
| – waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **24** | 140 | 155 |
| – (wins)/verlies met verkoop van bates | **(1)** | – | 3 |
| – verlies met hermeting van vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop na billike waarde min vervreemdingskoste | **2** | – | 88 |
| – winste uit verkrygings en verkope van beleggings | **(40)** | (88) | (110) |
| – hermeting van bestaande belang | **–** | (24) | (348) |
| – verwateringsverliese/(-winste) van ekwiteitsverantwoorde beleggings | **71** | (129) | (104) |
| – hermetings ingesluit by ekwiteitsverantwoorde resultate | **(57)** | (45) | (125) |
| – waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings | **–** | 1 | 55 |
| Totale belastingeffek van aansuiwerings | **(1)** | 5 | 54 |
| Totale nie-beherende belang in aansuiwerings | **1** | (1) | (3) |
| **Wesensverdienste** | **555** | 468 | 701 |
| *Aangesuiwer vir:* | | | |
| – aandeelvereffende aandeelskemakoste | **124** | 88 | 218 |
| – erkenning van uitgestelde belastingbates | **–** | (1) | (1) |
| – amortisasie van ander ontasbare bates | **177** | 98 | 230 |
| – billikewaarde-aansuiwerings en valutaomrekeningsverskille | **56** | 36 | 90 |
| – retensie-opsie-uitgawe | **1** | 2 | 2 |
| – besigheidsamevoegingsverwante verliese | **1** | 5 | 6 |
| **Kernwesensverdienste** | **914** | 696 | 1 246 |

Die verwaterde verdienste, wesensverdienste en kernwesensverdienste per aandeel syfers, aangebied in die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat, sluit 'n afname van VS$11m (2015: VS$8m en 31 Maart 2016: VS$20m) in wat verband hou met die toekomstige verwateringsimpak van potensiële gewone aandele uitgereik deur ekwiteitsverantwoorde beleggings.

## 5. Rente ontvang/(betaal)

| | Ses maande tot 30 September 2016 Nagesien VS$'m | 2015 Nagesien VS$'m | Jaar tot 31 Maart 2016 Geoudit VS$'m |
|---|---|---|---|
| **Rente ontvang** | **29** | 21 | 40 |
| – lenings en bankrekeninge | **26** | 19 | 37 |
| – ander | **3** | 2 | 3 |
| **Rente betaal** | **(136)** | (137) | (292) |
| – lenings en bankoortrekkings | **(100)** | (109) | (207) |
| – transpondeerderhure | **(20)** | (16) | (33) |
| – ander | **(16)** | (12) | (52) |
| **Ander netto finansieringsinkomste/(-koste)** | **(58)** | (40) | (100) |
| – netto valutaverskille en billikewaarde-aansuiwerings op afgeleide finansiële instrumente | **(58)** | (41) | (102) |
| – voorkeurdividende ontvang | **–** | 1 | 2 |

## 6. Wins voor belasting

Afgesien van die items reeds toegelig, is wins voor belasting bepaal nadat, onder andere, die volgende in ag geneem is:

| | Ses maande tot 30 September | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016** | 2015 | 2016 |
| | **Nagesien** | Nagesien | Geoudit |
| | **VS$'m** | VS$'m | VS$'m |
| **Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting** | **99** | 93 | 186 |
| **Amortisasie** | **59** | 40 | 94 |
| – ander ontasbare bates | **46** | 29 | 67 |
| – sagteware | **13** | 11 | 27 |
| **Afskrywings van voorraad na netto realiseerbare waarde, netto van terugskrywings**[1] | **15** | 1 | 78 |
| **Ander netto winste/(verliese)** | **(27)** | (139) | (292) |
| – wins/(verlies) met verkoop van bates | **1** | – | (3) |
| – waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **(24)** | (140) | (155) |
| – waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates | **(2)** | – | (43) |
| – dividende ontvang uit beleggings | **1** | – | – |
| – hermeting van vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop na billike waarde min vervreemdingskoste | **(2)** | – | (88) |
| – versekeringsopbrengs | **–** | 1 | 1 |
| – billikewaarde-aansuiwerings op finansiële instrumente | **(1)** | – | (4) |
| **Winste uit verkrygings en verkope** | **39** | 108 | 452 |
| – wins met verkoop van beleggings | **40** | 88 | 110 |
| – hermeting van toekomstige voorwaardelike betalings | **1** | (1) | 2 |
| – verkrygingsverwante koste | **(2)** | (3) | (8) |
| – hermeting van bestaande belang | **–** | 24 | 348 |

**Aantekening**

(1) *Netto realiseerbare waarde-afskrywings hou hoofsaaklik verband met dekodeerdersubsidies in die videovermaak-segment.*

## 7. Ekwiteitsverantwoorde resultate

Die groep se ekwiteitsverantwoorde beleggings het soos volg tot die tussentydse resultate bygedra:

| | Ses maande tot 30 September | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016** | 2015 | 2016 |
| | **Nagesien** | Nagesien | Geoudit |
| | **VS$'m** | VS$'m | VS$'m |
| **Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate** | **912** | 635 | 1 289 |
| – verkoop van bates | **8** | 2 | – |
| – vervreemding van beleggings | **(206)** | (118) | (251) |
| – waardedaling van beleggings | **145** | 76 | 180 |
| **Bydrae tot wesensverdienste** | **859** | 595 | 1 218 |
| – amortisasie van ander ontasbare bates | **150** | 78 | 174 |
| – aandeelvereffende aandeelskemakoste | **106** | 77 | 191 |
| – billikewaarde-aansuiwering en valutaomrekeningsverskille | **(3)** | 4 | 6 |
| **Bydrae tot kernwesensverdienste** | **1 112** | 754 | 1 589 |
| Tencent | **1 183** | 854 | 1 797 |
| Mail.ru | **27** | 23 | 45 |
| Ander | **(98)** | (123) | (253) |

# AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE VERSLAG (vervolg)

**8. Klandisiewaarde**

Klandisiewaarde is aan 'n jaarlikse evaluering van waardedaling onderworpe. Bewegings in die groep se klandisiewaarde vir die tydperk word hieronder toegelig:

| | Ses maande tot 30 September | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016** | 2015 | 2016 |
| | **Nagesien** | Nagesien | Geoudit |
| | **VS$'m** | VS$'m | VS$'m |
| **Klandisiewaarde** | | | |
| – kosprys | **3 175** | 2 170 | 2 170 |
| – opgelope waardedaling | **(357)** | (279) | (279) |
| **Openingsaldo** | **2 818** | 1 891 | 1 891 |
| – valutaomrekeningsverskille | **95** | (82) | (26) |
| – verkrygings van filiale en besighede | **138** | 65 | 1 260 |
| – vervreemdings van filiale en besighede | **–** | – | (7) |
| – oorgedra na bates geklassifiseer as gehou vir verkoop | **(7)** | (155) | (155) |
| – waardedaling | **(3)** | (140) | (145) |
| **Sluitingsaldo** | **3 041** | 1 579 | 2 818 |
| – kosprys | **3 416** | 1 974 | 3 175 |
| – opgelope waardedaling | **(375)** | (395) | (357) |

**9. Beleggings en lenings**

Die volgende hou verband met die groep se beleggings en lenings aan die einde van die verslagdoeningstydperk:

| | Ses maande tot 30 September | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016** | 2015 | 2016 |
| | **Nagesien** | Nagesien | Geoudit |
| | **VS$'m** | VS$'m | VS$'m |
| **Beleggings en lenings** | **8 932** | 7 115 | 7 900 |
| – genoteerde beleggings | **7 996** | 5 915 | 6 977 |
| – ongenoteerde beleggings en lenings | **936** | 1 200 | 923 |

**10. Verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede**

Verpligtinge hou verband met bedrae waarvoor die groep gekontrakteer het, maar wat nog nie as verpligtinge in die staat van finansiële posisie erken is nie.

| | Ses maande tot 30 September | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016 Nagesien VS$'m** | 2015 Nagesien VS$'m | 2016 Geoudit VS$'m |
| **Verpligtinge** | **2 322** | 3 692 | 3 254 |
| – kapitaalbesteding | **24** | 54 | 16 |
| – program- en rolprentregte | **1 856** | 2 318 | 2 245 |
| – netwerk- en ander diensverpligtinge | **166** | 234 | 176 |
| – transpondeerder-bruikhuurkontrakte | **17** | 896 | 573 |
| – bedryfshuurverpligtinge | **187** | 128 | 207 |
| – dekodeerderverpligtinge | **72** | 62 | 37 |

Die groep bedryf 'n aantal ondernemings in jurisdiksies waar terughoubelasting op sekere transaksies of betalings betaalbaar is. In sekere omstandighede kan transaksies moontlik meebring dat terughoubelasting betaal word. Ons huidige raming van moontlike terughoubelasting-blootstellings, wat rente en moontlike boetes insluit, bedra sowat VS$243.8m (2015: VS$224.4m en 31 Maart 2016: VS$216.8m).

**11. Vervreemdingsgroepe geklassifiseer as gehou vir verkoop**

Die groep het die bates en verpligtinge van INET BFA Eiendoms Beperk, 'n toonaangewende verskaffer van finansiële datavoere en ontledingsinstrumente, asook die bates en verpligtinge van verskeie ander kleiner ondernemings, as gehou vir verkoop geklassifiseer gedurende die ses maande tot 30 September 2016.

Die groep het gedurende die huidige verslagdoeningstydperk die verkoop van Heureka en Netretail beklink nadat regulatoriese goedkeuring gedurende onderskeidelik Mei en Julie 2016 ontvang is. Hierdie ondernemings was op 31 Maart 2016 as gehou vir verkoop geklassifiseer. Vir nadere inligting, verwys na aantekening 12.

Die beduidende tipes bates en verpligtinge wat op 30 September 2016 as gehou vir verkoop geklassifiseer is, word in die onderstaande tabel toegelig:

| | Ses maande tot 30 September | | Jaar tot 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2016 Nagesien VS$'m** | 2015 Nagesien VS$'m | 2016 Geoudit VS$'m |
| **Bates** | **26** | 317 | 226 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **6** | 23 | 28 |
| Klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **7** | 210 | 124 |
| Belegging in gesamentlike onderneming | **–** | – | 4 |
| Uitgestelde belasting | **3** | 2 | 1 |
| Voorraad | **2** | 44 | 38 |
| Handels- en ander debiteure | **5** | 24 | 19 |
| Kontant en kontantekwivalente | **3** | 14 | 12 |
| **Verpligtinge** | **5** | 102 | 97 |
| Uitgestelde belasting | **1** | 10 | 9 |
| Langtermynverpligtinge | **–** | 11 | 2 |
| Handelskrediteure | **1** | 46 | 39 |
| Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste | **3** | 23 | 35 |
| Bankoortrekkings | **–** | 12 | 12 |

Die groep het gedurende die jaar 'n verlies van VS$1.6m (2015: VS$nul en 31 Maart 2016: VS$87.7m) erken met die hermeting van die netto bates van ondernemings geklassifiseer as gehou vir verkoop na billike waarde minus vervreemdingskoste. Die billike waarde van hierdie ondernemings is vasgestel deur na derde-party verkoopspryse te verwys. Dit verteenwoordig vlak-3 billikewaarde-metings.

**12. Besigheidsamevoegings, ander verkrygings en vervreemdings**

In Julie 2016 het die groep, as deel van sy strategie om die groeinde VS-aanlyngeklassifiseerdeadvertensie-mark te konsolideer, die VS-bedrywighede van Wallapop S.L. (Wallapop) met sy letgo onderneming saamgesmelt. As teenprestasie vir die bydrae van Wallapop se onderneming en kontant van VS$45m het die groep aan Wallapop 'n 45%-aandeelhouding in 'n nuutgevormde entiteit uitgereik – die groep hou die oorblywende 55% belang. Die transaksie is as 'n besigheidsamevoeging verantwoord. Die totale geagte koopsom het VS$126m bedra en verteenwoordig die billike waarde van die ekwiteitbelang wat aan Wallapop uitgereik is. Gegewe die vroeë-fase aard van die besigheidsmodel het die transaksie tot die erkenning van klandisiewaarde van VS$126m aanleiding gegee. 'n Nie-beherende belang van VS$45m is erken na aanleiding van die besigheidsamevoeging.

Verskeie verkrygings is in die Movile-groep aangegaan gedurende die verslagdoeningstydperk. Mees aanmerklik was die verkryging deur iFood van 'n beherende belang in die Brasiliaanse mobielekosbestellingsplatform Hellofood Brazil en die verkryging deur LBS Global Holdings van beherende belange in Optilogistics S.A.S., 'n beduidende Franse spesialis op die gebied van vervoeraangeleenthede en logistiek asook Systems Teamwork S.R.L., 'n verskaffer van sagteware oplossings en konsultasiedienste in voorsieningskettingbestuur. Die totale koopprys vir die voorvermelde verkrygings was VS$8m. Die koopprystoekenning: ontasbare bates VS$1m, handels- en ander krediteure VS$1m en klandisiewaarde van VS$8m.

Die grootste bydraende faktor tot die klandisiewaarde wat in hierdie verkrygings erken is, is hul markteenwoordigheid. Hierdie klandisie-waarde sal waarskynlik nie vir inkomstebelastingdoeleindes aftrekbaar wees nie. Totale verkrygingsverwante koste van V$2m met betrekking tot bogenoemde verkrygings is onder "Wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat aangedui.

Indien die omset en netto resultate van die verkrygde besighede vanaf 1 April 2016 by die groep se resultate ingesluit was, sou dit nie 'n beduidende uitwerking op die groep se gekonsolideerde omset en netto resultate gehad het nie.

Die volgende hou verband met die groep se beleggings in sy ekwiteitsverantwoorde beleggings:

Gedurende Mei 2016 het die groep, deur Naspers Ventures, sy eerste belegging wat die opvoedkundige tegnologiemark teiken, aangekondig deur VS$13m (23.6% ten volle verwaterde belang) in sosiale onderrignetwerk Brainly te belê. Meer as 60m studente in 35 lande het elke maand met Brainly interaksie. In ooreenstemming met die strategie het die groep verder in Junie 2016 VS$60m (8.9% ten volle verwaterde belang) in Udemy, 'n aanlynopvoedkundige markplek met meer as 7m geregistreerde studente belê, asook VS$22m (19.2% ten volle verwaterde belang) in Codecademy, 'n toonaangewende globale platform wat op aanlynprogrammeringsonderrig toegespits is. Die groep verantwoord die belange as beleggings in geassosieerdes.

In Julie 2016 het die groep 'n 49% belang in El Cocinero a Cuerda S.R.L., die eienaar en operateur van aanlynkosbestellingsplatforms insluitende Just Eat, Do Eat en SinDelantal in Latyns Amerika, vir VS$15m verkry. Die groep verantwoord vir die belang as 'n belegging in 'n gesamentlike onderneming.

Onderstaande hou verband met die groep se beduidende vervreemdings gedurende die tussentydse verslagdoeningstydperk:

In Mei 2016 het die groep sy Tsjeggiese vergelykende aanlyninkopiesplatform, Heureka, vir 'n kontantopbrengs van VS$67m verkoop nadat regulatoriese goedkeuring verkry is. 'n Wins met verkoop van VS$61m is as deel van "Wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken na die transaksie.

Gedurende Julie 2016 het die groep sy belang in Netretail, sy Tsjeggiese e-kleinhandels- en e-handelsplatform, vir 'n kontantopbrengs van VS$102m verkoop. 'n Verlies met verkoop van VS$28m is erken as deel van "Wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat.

**13. Finansiële instrumente**

Die groep se aktiwiteite stel hom bloot aan 'n verskeidenheid van finansiële risiko's, soos markrisiko (ingesluit wisselkoersrisiko, billikewaarde-rentekoersrisiko, kontantvloei-rentekoersrisiko en prysrisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag sluit nie al die finansiële risikobestuursinligting en openbaarmaking in wat in die finansiële jaarstate verskaf word nie en moet in die lig van die groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2016 gelees word. Sedert 31 Maart 2016 was daar geen wesenlike veranderinge in die groep se krediet-, likiditeit- of markrisiko's of in die sleutel-insette wat gebruik word om billike waarde te meet nie.

Die billike waardes van die groep se finansiële instrumente wat met elke verslagdoeningsdatum teen billike waarde gedra word, word hieronder toegelig:

| | Billikewaarde-metings op 30 September 2016 gegrond op: | | |
|---|---|---|---|
| | **Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m** | **Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m** | **Beduidende onwaarneem-bare insette (vlak 3) VS$'m** |
| **Bates** | | | |
| Beskikbaar-vir-verkoop beleggings | **11** | **1** | **–** |
| Valutatermynkontrakte | **–** | **4** | **–** |
| Wisselkoersverswakkingsklousules | **–** | **–** | **10** |
| **Verpligtinge** | | | |
| Valutatermynkontrakte | **–** | **79** | **–** |
| Aandeelhouersverpligtinge | **–** | **–** | **14** |
| Toekomstige voorwaardelike betalings | **–** | **–** | **14** |
| Rentekoersruilooreenkomste | **–** | **16** | **–** |

| | Billikewaarde-metings op 31 Maart 2016 gegrond op: | | |
|---|---|---|---|
| | **Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m** | **Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m** | **Beduidende onwaarneem-bare insette (vlak 3) VS$'m** |
| **Bates** | | | |
| Beskikbaar-vir-verkoop beleggings | 12 | – | – |
| Valutatermynkontrakte | – | 48 | – |
| Wisselkoersverswakkingsklousules | – | – | 11 |
| **Verpligtinge** | | | |
| Valutatermynkontrakte | – | 17 | – |
| Aandeelhouersverpligtinge | – | – | 13 |
| Toekomstige voorwaardelike betalings | – | – | 22 |
| Rentekoersruilooreenkomste | – | 21 | – |

**13. Finansiële instrumente** (vervolg)

Die billike waardes van die groep se finansiële instrumente wat met elke verslagdoeningstydperk teen billike waarde gedra word, word hieronder toegelig:

| | 30 September 2016 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Wisselkoers-verswakkings-klousules VS$'m** | **Aandeel-houers-verpligtinge VS$'m** | **Toekomstige voorwaardelike betalings VS$'m** | **Totaal VS$'m** |
| **Openingsaldo** | **11** | **(13)** | **(22)** | **(24)** |
| Totale winste/(verliese) in die inkomstestaat erken | **1** | **(1)** | **1** | **1** |
| Totale winste as aanpassing tot die koste van program- en rolprentregte erken | **6** | **–** | **–** | **6** |
| Herklassifikasies | **(8)** | **–** | **–** | **(8)** |
| Skikkings | **–** | **–** | **8** | **8** |
| Valutaomrekeningsverskille | **–** | **–** | **(1)** | **(1)** |
| **Sluitingsaldo** | **10** | **(14)** | **(14)** | **(18)** |

Die groep het bepaal dat, indien een of meer van die insette gebruik in die meting van die billike waarde van aandeelhouersverpligtinge, toekomstige voorwaardelike betalings en wisselkoersverswakkingsklousules verander sou word na 'n redelike moontlike alternatiewe aanname, sal dit geen wesenlike impak op dié billikewaarde-metings hê nie.

| | 31 Maart 2016 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Wisselkoers-verswakkings-klousules VS$'m | Aandeel-houers-verpligtinge VS$'m | Toekomstige voorwaardelike betalings VS$'m | Totaal VS$'m |
| **Openingsaldo** | – | (29) | (39) | (68) |
| Totale winste/(verliese) in die inkomstestaat erken | 8 | (4) | 3 | 7 |
| Totale winste as aanpassing tot die koste van program- en rolprentregte erken | 3 | – | – | 3 |
| Addisionele verpligtinge geskep | – | (27) | (1) | (28) |
| Kansellasies/Herklassifikasies | – | 4 | – | 4 |
| Skikkings | – | 43 | 11 | 54 |
| Valutaomrekeningsverskille | – | - | 4 | 4 |
| **Sluitingsaldo** | 11 | (13) | (22) | (24) |

Die groep openbaar die billike waardes van die volgende finansiële instrumente aangesien hul drabedrae nie 'n redelike weerspieëling van hul billike waardes is nie:

| | **30 September 2016** | |
|---|---|---|
| **Finansiële verpligtinge** | **Dra-bedrag VS$'m** | **Billike waarde VS$'m** |
| Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge | **1 231** | **1 274** |
| Genoteerde skuldeffekte | **2 900** | **3 119** |

| | 31 Maart 2016 | |
|---|---|---|
| **Finansiële verpligtinge** | Dra-bedrag VS$'m | Billike waarde VS$'m |
| Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge | 836 | 865 |
| Genoteerde skuldeffekte | 2 900 | 3 035 |

**14. Gebeure ná die verslagdoeningsdatum**

In Oktober 2016 het die groep 'n 100%-belang in Citrus Pay, 'n voorste Indiese betalingstegnologie speler, vir VS$130m verkry. Citrus Pay sal deel vorm van die Indiese bedrywighede van PayU, die groep se globale aanlynbetalings-diensteverskaffer.

In Oktober 2016 het die groep die verkoop van sy belange in Allegro.pl and Ceneo.pl, die toonaangewende aanlynmarkplek- en prys-vergelykingsbesighede in Poland, vir VS$3.25mjd aangekondig. Die transaksie is onderhewig aan regulatoriese goedkeuring en sal na verwagting vroeg in 2017 afgehandel wees.

Die samesmelting van die groep se Indiese reisbesigheid met die van MakeMyTrip Limited, 'n ander leier in die Indiese reissektor, is gedurende Oktober 2016 aangekondig. Ná die samesmelting sal die groep 'n 40%-belang in MakeMyTrip hou. Die transaksie is aan regulatoriese goedkeuring onderhewig.

**15. Pro forma- finansiële inligting aangebied in die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag**

Die groep het sekere omset- en handelswinsaanduiders in plaaslikegeldeenheid-terme, uitgesluit die impak van verkrygings en vervreemdings (die pro forma- finansiële inligting) aangebied in die volgende tabelle. Naspers Beperk se direksie is verantwoordelik vir die pro forma- finansiële inligting en sodanige inligting word ter illustrasie aangebied. Inligting wat op 'n pro forma grondslag aangebied word, is uit die groep se bestuursverslae verkry en die raad is tevrede met die gehalte daarvan.

Weens die aard van die pro forma- finansiële inligting en die feit dat dit uit die groep se bestuursrekeninge verkry is, word aandeelhouers ingelig dat dié inligting moontlik nie die groep se finansiële posisie, veranderinge in ekwiteit, resultate van bedrywighede of kontantvloei redelik weergee nie.

Die pro forma- finansiële inligting is voorberei ten einde die impak van skommelinge in buitelandse wisselkoerse en veranderinge in die samestelling van die groep op die groep se resultate vir die ses maande tot 30 September 2016 te illustreer. Die metodologie wat toegepas is in die berekening van die pro forma- finansiële inligting word hieronder toegelig:

1. Buitelandse valuta-/konstantegeldeenheid-aanpassings is bereken deur die huidige tydperk se resultate aan te pas teen die vorige tydperk se gemiddelde wisselkoerse. Hierdie wisselkoerse is die gemiddelde maandelikse wisselkoerse van die vorige tydperk. Die plaaslikegeldeenheid pro forma- finansiële inligting is bereken deur die konstantegeldeenheid-resultate, bereken soos hierbo uiteengesit, te vergelyk met die vergelykende tydperk se IFRS-resultate. Die relevante wisselkoerse (relatief tot die VS-dollar) gebruik vir die mees beduidende geldeenhede was: Suid-Afrikaanse rand (2016: 0.0690; 2015: 0.0789); Poolse zloty (2016: 0.2572; 2015: 0.2672); Russiese roebel (2016: 0.0154; 2015: 0.017); Chinese yuan renminbi (2016: 0.1512; 2015: 0.1598); Indiese roepee (2016: 0.0149; 2015: 0.0155); Brasiliaanse real (2016: 0.3000; 2015: 0.2958); en Nigeriese naira (2016: 0.0037; 2015: 0.0050).
2. Aanpassings gemaak vir veranderinge in die samestelling van die groep, hou verband met verkrygings en vervreemdings van filiale en ekwiteitsverantwoorde beleggings asook veranderinge in die groep se aandeelhouding in sy ekwiteitsverantwoorde beleggings. Aanpassings is gemaak vir die volgende beduidende veranderinge in die samestelling van die groep ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken:

| Transaksie | Soort belegging | Rapporteer-bare segment | Verkryging/ Vervreemding |
|---|---|---|---|
| Verwatering van die groep se belang in Tencent | Geassosieerde | Internet | Vervreemding |
| Vervreemding deur Mail.ru van sy beherende belang in Headhunter | Geassosieerde | Internet | Vervreemding |
| Verwatering van die groep se belang in Flipkart en Souq | Geassosieerde en gesamentlike onderneming onderskeidelik | e-Handel | Vervreemding |
| Verkryging van die groep se belang in Avenida | Geassosieerde | e-Handel | Verkryging |
| Verkryging van die groep se belang in Avito | Filiaal | e-Handel | Verkryging |
| Verkryging van die groep se belang in letgo | Filiaal | e-Handel | Verkryging |
| Vervreemding van Netretail | Filiaal | e-Handel | Vervreemding |
| Vervreemding van Heureka | Filiaal | e-Handel | Vervreemding |
| Vervreemding van Korbitec | Filiaal | e-Handel | Vervreemding |
| Vervreemding van Ricardo | Filiaal | e-Handel | Vervreemding |

The netto aanpassing gemaak vir alle verkrygings en vervreemdings wat gedurende die typerk tot 30 September 2016 plaasgevind het, was 'n negatiewe aansuiwering van VS$54m aan omset en 'n negatiewe aansuiwering van VS$53m aan handelswins.

Die groep se eksterne ouditeur het 'n gerusstellingsverslag uitgereik rakende die pro forma- finansiële inligting en sodanige verslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

**15. Pro forma- finansiële inligting aangebied in die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag** (vervolg)

Aansuiwerings gemaak aan bedrae gerapporteer kragtens IFRS, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken, word in die onderstaande tabel toegelig:

| | | Ses maande tot 30 September | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2015 | 2016 | 2016 | 2016 | 2016 | 2016 | 2016 | 2016 |
| | A | B | C | D | E | F[2] | G[3] | H[4] |
| | IFRS | Groep-same-stelling vervreem-dings-aanpassing | Groep-same-stelling verkry-gings-aanpassing | Buitelandse valuta-aanpassing | Plaaslike-geld-eenheid-groei | IFRS | Plaaslike-geld-eenheid-groei | IFRS |
| | VS$'m | VS$'m | VS$'m | VS$'m | VS$'m | VS$'m | %-ver-andering | %-ver-andering |
| **Omset**[1] | | | | | | | | |
| Internet | 3 763 | (130) | 78 | (258) | 1 436 | 4 889 | 40 | 30 |
| – Tencent | 2 461 | (8) | – | (196) | 1 169 | 3 426 | 48 | 39 |
| – Mail.ru | 92 | (5) | – | (12) | 9 | 84 | 10 | (9) |
| – e-Handel | 1 210 | (117) | 78 | (50) | 258 | 1 379 | 24 | 14 |
| Videovermaak | 1 790 | – | – | (255) | 110 | 1 645 | 6 | (8) |
| Media | 325 | (2) | – | (36) | (3) | 284 | (1) | (13) |
| Korporatiewe dienste | – | – | – | – | 1 | 1 | 100 | 100 |
| Intersegmenteel | (17) | – | – | 1 | (15) | (31) | | |
| **Ekonomiese belang** | 5 861 | (132) | 78 | (548) | 1 529 | 6 788 | 27 | 16 |
| **Handelswins**[1] | | | | | | | | |
| Internet | 805 | (3) | (50) | (82) | 571 | 1 241 | 71 | 54 |
| – Tencent | 1 065 | (3) | – | (87) | 526 | 1 501 | 50 | 41 |
| – Mail.ru | 36 | (2) | – | (5) | 3 | 32 | 9 | (11) |
| – e-Handel | (296) | 2 | (50) | 10 | 42 | (292) | 14 | 1 |
| Videovermaak | 399 | – | – | (116) | (57) | 226 | (14) | (43) |
| Media | 16 | – | – | 1 | (5) | 12 | (31) | (25) |
| Korporatiewe dienste | (6) | – | – | 1 | (1) | (6) | (17) | – |
| **Ekonomiese belang** | 1 214 | (3) | (50) | (196) | 508 | 1 473 | 42 | 21 |
| **Ander metings gerapporteer:** | | | | | | | | |
| Ontwikkelingsbesteding | | | | | | | | |
| – ekonomiese belang | 404 | (7) | – | (11) | 110 | 496 | 27 | 23 |
| – gekonsolideer | 280 | (4) | – | (6) | 117 | 387 | 42 | 38 |
| Gekonsolideerde omset | 2 983 | (94) | 74 | (333) | 328 | 2 958 | 11 | (1) |
| e-Kleinhandelsomset | 732 | (73) | 4 | (18) | 108 | 753 | 16 | 3 |
| Reisomset | 40 | – | – | (3) | 30 | 67 | 75 | 68 |
| Geklassifiseerde-advertensie-omset | 91 | (12) | 73 | (16) | 60 | 196 | 76 | 115 |
| Betalingsomset | 68 | – | – | (5) | 20 | 83 | 29 | 22 |

Kernwesensverdienste, bereken in plaaslikegeldeenheid-terme, het VS$1 076mjd bedra.

Ontwikkelingsbesteding is nie 'n IFRS-meting nie en is gevolglik ook uitgesluit van die gerusstellingsverslag uitgereik deur die groep se eksterne ouditeur.

**Aantekeninge**

*(1) Bedrae op ekonomiesebelang-grondslag aangebied.* *(2) A + B + C + D + E.* *(3) [E/(A + B)] x 100.* *(4) [(F/A) - 1] x 100.*

**ONAFHANKLIKE OUDITEUR SE OORSIGVERSLAG OP TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE**

*Aan die aandeelhouers van Naspers Beperk*
Ons het die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van Naspers Beperk nagesien in die meegaande tussentydse verslag, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 30 September 2016, en die verwante verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die ses-maande periode wat op daardie datum geëindig het, en geselekteerde verduidelikende aantekeninge.

*Direkteure se verantwoordelikheid vir die tussentydse finansiële state*
Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel en voorstelling van hierdie tussentydse finansiële state ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard (IAS) 34 *Interim Financial Reporting*', die 'SAICA Financial Reporting Guides' soos uitgereik deur die 'Accounting Practices Committee' en die 'Financial Pronouncements' soos uitgereik deur die 'Financial Reporting Standards Council' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag vir die opstel van tussentydse finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

*Ouditeur se verantwoordelikheid*
Dit is ons verantwoordelikheid om 'n gevolgtrekking oor hierdie tussentydse finansiële state uit te spreek. Ons het ons oorsig ooreenkomstig die 'International Standard on Review Engagements 2410, *Review of Interim Financial Information Performed by the Independent Auditor of the Entity*' uitgevoer. ISRE 2410 vereis van ons om tot 'n gevolgtrekking te kom of enigiets onder ons aandag gekom het wat ons laat glo dat die tussentydse finansiële state nie in alle wesenlike opsigte opgestel is ooreenkomstig die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk nie. Hierdie standaard vereis ook dat ons aan relevante etiese vereistes voldoen.

'n Oorsig van tussentydse finansiële state ooreenkomstig ISRE 2410 is 'n beperkte gerusstellingsaanstelling. Ons voer prosedures uit wat hoofsaaklik bestaan uit die rig van navrae aan bestuur en ander persone binne die entiteit, soos toepaslik, en die toepassing van analitiese prosedures, en evalueer die bewyse wat verkry is.

Die prosedures wat uitgevoer word tydens 'n oorsig is aansienlik minder as dié wat tydens 'n oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer word. Dienooreenkomstig spreek ons nie 'n ouditmening oor hierdie tussentydse finansiële state uit nie.

*Gevolgtrekking*
Gebaseer op ons oorsig, het niks onder ons aandag gekom wat ons laat glo dat die meegaande verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van Naspers Beperk vir die ses-maande periode wat op 30 September 2016 geëindig het nie, in alle wesenlike opsigte, opgestel is ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 *Interim Financial Reporting*', die 'SAICA Financial Reporting Guides' soos uitgereik deur die 'Accounting Practices Committee' en die 'Financial Pronouncements' soos uitgereik deur die 'Financial Reporting Standards Council' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika nie.

*Ander aangeleentheid*
Ons het nie die toekomstige finansiële prestasie en verwagtinge soos uitgespreek deur die direkteure in die kommentaar bykomend tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state geoudit nie en spreek dienooreenkomstig nie 'n mening daaroor uit nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: Brendan Deegan
Geregistreerde Ouditeur
Johannesburg
25 November 2016

*PricewaterhouseCoopers Inc., 5 Silo Square, V&A Waterfront, Cape Town 8002, P O Box 2799, Cape Town 8000*
*T: +27 (21) 529 2000, F: +27 (21) 529 3300, www.pwc.co.za*

Hoof Uitvoerende Beampte: T D Shango
Bestuurskomitee: S N Madikane, J S Masondo, P J Mothibe, C Richardson, F Tonelli, C Volschenk
Wes-Kaap streek – Vennoot-in-beheer: D J Fölscher
Die Maatskappy se besigheidsadres is te Eglinweg 2, Sunninghill, waar 'n lys van die direkteure se name ter insae is.
Reg-nr. 1998/012055/21, BTW reg-nr. 4950174682

# ADMINISTRATIEWE EN KORPORATIEWE INLIGTING

**Direkteure**
J P Bekker (voorsitter), B van Dijk (uitvoerende hoof), C L Enenstein, D G Eriksson, G Liu, R C C Jafta, F L N Letele, D Meyer, R Oliveira de Lima, S J Z Pacak, T M F Phaswana, V Sgourdos, M R Sorour, J D T Stofberg, H J du Toit, B J van der Ross

**Maatskappysekretaris**
G Kisbey-Green

**Geregistreerde kantoor**
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
Posbus 2271
Kaapstad 8000
Suid-Afrika

**Oordragsekretaris**
Link Market Services South Africa Eiendoms Beperk
13de verdieping
Rennie House
Ameshoffstraat 19
Braamfontein 2001
Posbus 4844
Johannesburg 2000
Suid-Afrika

**Borg**
Investec Bank Beperk

**ADB-program**
Bank of New York Mellon bedryf 'n GlobalBuyDIRECT$^{SM}$-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek gerus Bank of New York Mellon se webwerf by www.globalbuydirect.com of skakel Shareholder Relations by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT$^{SM}$, Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA.

**Belangrike inligting**
Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.

www.naspers.com